



STAAT VAN BELYDENIS – Evangelie van deernis?

Die Skietlood 55 het aandag geskenk aan die historiese agtergrond asook die eerste saak wat in die Staat van Belydenis (SvB) opgehaal word. Die gevolgtrekking was dat die bewoording van die besluit waarteen die SvB dit het, duidelik dwaalleer verwoord.

Hierdie een saak is oordoende rede om 'n SvB uit te roep. Wyle prof BJ Engelbrecht het hierdie moontlikheid voorsien in sy advies aan die BAKV, met die voorwaarde dat daar eers lank gesprek gevoer moet word voor so 'n drastiese stap geneem word. Gesprek is toe gevoer todat die viktimisasie en verguising enige verdere gesprek ontwortel het. Die uitroep van die SvB was nie 'n melodramatiese aandagsoek of kwetspoging nie, dit was die logiese gevolg van gesprekke wat vrugteloos was. Gesprekke ten koste van die Evangelie moes opgeweeg word teen die vervreemding en verskerpte foltering wat steeds Hervormers te beurt geval het. Die weskroep van "hierby staan ons, ons kan nie anders nie" het gedui op die keuse om menslike verbintenisse ondergeskik te stel aan die suiwer Evangelie.

Waarom nie net ophou by hierdie een saak nie? Waarom nog ses ander sake saam noem. Die SvB het in hierdie een saak reeds genoeg gewig gedra.

Daar was egter ander sake wat ook deel van die gesprek was. Sake wat in gelyke maat die suiwer Evangelie in gedrang gebring het. Die keuse is toe

gemaak om al die sake wat die hart van die Evangelie bedreig, deel te maak van 'n dokument wat wys op die agteruitgang van teologiese denke. Wat is die tweede saak wat genoem word? Die uitgebreide SvB stel:

Die teologiese agtergrond waarteen 54/69 asook die opvolgbesluit van die BAKV geneem is, verteenwoordig 'n vreemde horisontale teologie wat nie eie is aan die NHKA se ryke teologiese tradisie nie. Reeds in 1983 het die AKV onverkort enige vorm van sosiale evangelie asook die teologie van die rewolusie verwerp. Die NHKA het afsonderlike ontwikkeling as 'n lewenskewessie gesien, terwyl die WARC dit as 'n leersaak bestempel het. Met die neem van 54/69 asook die verskansing van dié besluit by die BAKV, het die AKV duidelik gekies vir 'n teologie wat van 'n lewenskewessie 'n leersaak maak. Daarmee saam het die BAKV ook 'n nuwe besluit geneem wat die verlede van die NHKA tot 'n sogenaamde "ketterse verlede" verklaar. Dit is 'n ingrypende afwyking in die rigting van die horisontale teologie van die liberalisme. Die verskansde besluit (54/69) verloën ook die evangelie van Jesus Christus as die opgestane HERE. Die NHKA het nog altyd vasgehou aan die Evangelie van Jesus Christus as Verlosser van die mag van sonde en dood. Die kerk verstaan die evangelie nou as een van "deernis van God". Hierdie is 'n ernstige afwyking van die Evangelie soos dit deur die eeue heen verkondig is.

Ons verklaar daarom dat ons in 'n staat van belydenis is en dat die AKV 'n teologie aangegryp het wat van 'n lewenskewessie 'n leersaak maak. Hierdie teologie is in lyn met die denke van die ekumene wat naas 'n sosiale agenda geen saak het om te verkondig nie. Ons distansieer ons van hierdie vreemde denke en verklaar dat ons bly by die ware geloof wat ons Kerk bely soos verwoord in Ordereël 1 van die Kerkorde. Ons roep die AKV daartoe op om terug te keer tot die Reformatoriese teologie soos verwoord in die leer van die Belydenisskrifte.

In Die Skietlood van 8 Maart 2013 word die volgende oor die saak gestel: *Uit die motivering vir 54/69 is die volgende bedreiging vir die suiwer Evangelie die sogenaamde "evangelie van deernis" wat soos 'n moralistiese afgrond die kerk al voetewassend intrek. Hierdie evangelie van deernis vervlak die Evangelie tot 'n stel goeidoen funksies. Die kerk het nog altyd gedwarrel by die afgrond van net alles vir hierdie lewe feil hê. Dalk kon 'n ander aanslag 'n horende oor bereik. Aan die ander kant was dit dalk tyd dat die kers-en-motspel van die kerk en moralisme aan die kaak gestel moet word."*

Om die verskil werklik te kan verstaan, is dit nodig om die eerste paragraaf van die NHKA Kerkorde se Ordereël 1 aan te haal.

"Die kerk is 'n gemeenskap van gelowiges wat God deur sy versoening in Christus tot stand bring en in stand hou deurdat Hy mense in Jesus Christus in genade uitkies en deur die werk van die Heilige Gees saambring om deur die Woord en sakramente 'n heilige volk te wees en dienswerk in die wêreld te verrig."

Uit hierdie selfverstaan kom 'n duidelike teologiese perspektief na vore. Diegene wat hierdie Ordereël ondersteun, glo dat God mense uit genade roep om Hom te dien en deur woord en sakrament God se volk te wees. As uitvloeisel hiervan is dit belangrik dat dienswerk verrig word in die wêreld. Nog anders gestel, die genade van God is 'n evangeliese waarheid wat gelowiges daartoe roep om as gelowiges wat uit hierdie bedeling geroep is en daarom 'n nuwe volk is, die woord te verkondig en die sakramente te vier. Uit dankbaarheid vir hierdie genade doen gelowiges dan dienswerk in die skepping.

Daarteenoor is die horisontale teologie van die evangelie van deernis. In die motivering van die gewraakte 54/69 kom die sogenaamde Bybels-teologiese beredenering van die een-dimensionele evangelie duidelik na vore. Daardie

evangelie begin by 'n uitsluiting van enige ander verstaan deur te stel dat die Kerk net een evangelie ken te wete die evangelie van God se liefde in Christus. Hierdie liefde word dan as volg beredeneer; God het deernis aan ons bewys en dit eis van ons om deernis aan ander te bewys. Sonder onderskeid tussen vlakke van deernis is daar reeds groot vraagtekens te trek op grond van die teologie so pas genoem.

Die hart van hierdie evangelie klop in 'n Jesus wat vaderloos in Galilea God as Vader aangeneem het. Dit is 'n Jesus wat as Shamaan of subversiewe wysgeer die sosiale ongeregtighede van sy tyd aangespreek het. Dit is die Jesus wat dood gegaan het omdat hy die sosiale strukture uitgedaag het. Hy het slegs in die harte van sy volgelinge opgestaan en in die verkondiging van sy boodskap. Hy lewe (staan op) elke keer wanneer sosiale ongeregtigheid aangespreek word. Sy deernis moet ons deernis wees. Hy is die inklusiewe een wat van ons net steun vra vir al die gemarginaliseerdes, vir die vrouens, wese en weduwees, homoseksueles, en natuurlik alle slagoffers van apartheid – overgesetsynde, alle swart mense. Dit is die swart Jesus van die bevrydingsteologie wat met AK47 kant kies vir die sogenaamde onderdruktes.

Teenoor hierdie Jesus is die Christus van die Evangelie. Hy het waarlik opgestaan, belowe om weer te kom en ons te kom haal en daarom bely ons die opstanding van die vlees. Hy kom weer om te oordeel. Wie in Hom glo kry die reg om die ewige lewe in te gaan. Sy uitnodiging tot saligheid is inklusief (vir almal, ook die sogenaamde gemargina-

liseerdes), die toepassing is eksklusief aan almal wat glo.

Daar is met ander woorde twee totaal **uiteenlopende** evangelies. Die een is die breinkind van die moderne gees, die ander die Boodskap wat vir meer as 20 eeue reeds aan mense verkondig is. Die moderne evangelie bemoei hom met die mens en omgewing. Sukses word gemeet aan sosiale verandering, vermindering in klimaatsverandering en 'n gelyke verdeling van besittings.

Die Evangelie van verlossing meet geen sukses nie maar is tog bly oor elkeen wat tot geloof kom en jubel tydens vol eredienste en wanneer daar 'n toestroming na die nagmaal is. Dié Evangelie roep gelowiges om in dankbaarheid die Tien Gebooie te gehoorsaam en daarom in hierdie wêreld reg op te tree. Tog weet elke gelowige sy/haar menslike deernis is nie die teenpool, die gelyke of die eggo van God se genade nie, dit is bloot dankbare gehoorsaamheid.

Dit lyk met eerste oogopslag na 'n fyn onderskeid, die een tussen die evangelie van deernis en die Evangelie van die opgestane Heer. Dit is by nadere ondersoek duidelik dat die deernis op horisontale deernis gebou is en vasgevang is in hierdie bedeling. Dit is 'n morele teologie wat morele vereistes stel as resiproke dade. In hierdie benadering word lewenskwessies gesien as leersake, gewoon omdat dit morele sake(lewenskwessies) as teologiese dieptesake verstaan.

Die opgestane Heer verander ons werklikheid. Dit is die hartklop waarom dit gaan in die tweede saak in die SvB. By hierdie Evangelie het die kerk nog altyd gestaan. Dit is die boodskap van

genade en vergifnis met 'n morele appèl. Leersake gee die teologiese onderbou en diepte aan morele beredenering en besluite.

Die tropdenke om agter die gees van die dag en die regering van die oomblik aan te drentel, is 'n dwaling wat die genade van God ongedaan probeer maak.